

11 November

**Skrifgedeelte: Matteus 19:16-30 (NAV)
Fokusgedeelte: Matteus 19:16, 21**

Om die Here te dien, beteken dat jy alles moet prysgee en God met volle oorgawe moet dien

In hierdie gedeelte lees ons van 'n ryk jongman wat vra watter goeie daad hy moet doen om die ewige lewe te verkry. Jesus konfronteer hom met die tweede tafel van die wet (vgl. Eks. 20:12-16).

Deel van ons verhouding met die Here is ook ons verhouding met ons naaste en baie spesifiek liefde vir ons naaste. En hierdie man sê dat hy dit alles nagekom het. Jesus wys hom daarop dat hy nie volmaak is nie, want hy het nog nie geleer wat dit beteken om van alles afstand te doen en die Here met volle oorgawe te dien nie.

Nou mag 'n mens dink dat Jesus bedoel dat dit net vir ryk mense moeilik is om van hulle besittings afstand te doen, maar Hy sluit alle volgelinge van Hom in. In 'n mens se hart moet jy oortuig wees dat niks belangriker is as die Here en sy koninkryk nie: nie jou naaste familie, jou besittings, jou werk of enigiets wat jy belangrik ag nie. Hy bring hierdie punt ook by sy dissipels tuis en Petrus besef dadelik dat hierdie opdrag 'n opgaaf is – dis bykans onmoontlik!

Dit gaan uiteindelik daaroor dat jou hoogste prioriteit in die lewe en dan spesifiek in jou verhouding met die Here moet wees dat niks belangriker as die Here mag wees nie – selfs nie eers die nakoming van die wet nie. Jou motivering mag nie wees om te sê: “Ek kom die wet getrou na – kyk na my prestasie!” en op grond daarvan móét ek hierdie beloning ontvang nie.

Uiteindelik gaan dit oor 'n hartsgesindheid. Niks is belangriker as die Here nie. Dit wat ek doen, doen ek vir Hom, in totale oorgawe aan Hom.

Sing: Psalm 40:4 (1936)

Ds. AH Steyn (Lydenburg)